

18 Augustus 2019

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Hebreërs 11:29-12:2

wat wil jy vandag **bereik**?

Ons fokus op Jesus om nie geestelik moeg te word nie.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Kyk die eerste rukkies van Oupa Abie se video tot waar hy sê julle moet "pause" druk.

Gesels nou oor wat dit beteken om #blessed te wees. Hoe verstaan jy dit self? Wanneer is mens geseënd?

Kan 'n mens siek wees en steeds geseënd wees?

Kan 'n mens swaarkry en steeds geestelik fiks wees? Hoe het jy tot nou toe daarvoor gedink?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

lees **Hebreërs 11:29-12:3** saam as 'n groep.
Kyk dan die **Oupa Abie video verder** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts
praktiese wysheid...



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Gebruik vetkryte. Kleur bont kleure op 'n papier. Bedek die kleure met swart vetkryt. Gebruik dan tandestokkies om 'n prentjie daarop te teken. Die swart word "weggeskuif" om kleur te ontbloot, soos wat Jesus die skande van die kruis weggeskuif het om te doen waarvoor Hy gekom het.



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om die gedeelte beter te verstaan?

Hoe verduidelik Hebreërs hierso wat dit eintlik beteken om "blessed" te wees, al staan die woord self nie daar nie?

Word die geloofshelde genoem omdat hulle so wonderlik was, of omdat hulle omstandighede so wonderlik was, of oor wat God gedoen het?

Wat het dit vir Jesus moontlik gemaak om die kruisiging deur te gaan?

ons nuwe storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe help Jesus se voorbeeld ons om nie geestelik moeg te word nie (vers 3)?

Watter goeie nuus gee die teks vir mense wat deur 'n moeilike tyd gaan, soos siekte of swaarkry?

Watter uitdagings het jy hierdie week? Hoe kan dit jou help om jou oë op Jesus te hou?

bid vir mekaar

Loof Jesus omdat Hy so 'n liefdevolle en getroue voorbeeld vir ons is.

Vra God om julle te help om nie geestelik moeg te word nie en dat julle krag by Jesus self sal kry.

Miskien het jy 'n uitdaging vir die week aanvaar. Laat iemand anders in die groep vir jou bid daarvoor.

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

